

ABSTRACT

The hearer and his context

The importance of the context of the hearer with regard to homiletics are exploited. Concepts, such as modernisation and secularisation are explained to clarify the context of the hearer. The thesis that homiletics should accept the challenge which modernisation poses to the church, is defended.

Die wyse waarop die hoorder luister word deur sy situasie bepaal. Vir die prediker is dit konstitutief wanneer hy sy preek ontwerp¹. Die kerk is altyd deel van die gemeenskap waarin hy leef en werk². Daarom moet die kerk in konteks verstaan word.

'n Term wat geskik is om die wêreldbeskouing van ons tyd te beskryf, is modernisasie³. Modernisasie verteenwoordig beide 'n benadering en 'n spesifiek aanwysbare tendens. Dit kan nie tot die periode ná die Tweede Wêreldoorlog beperk word, soos so dikwels die geval is nie, maar dit kan nagespeur word in talle sogenaamde modernistiese en pre-modernistiese werke. Verder kan modernisasie nie net tot literêre werke beperk word nie. Dit is nie vreemd om van modernisasie in die kuns, musiek, argitektuur en selfs in die teologie te praat nie⁴. Kenmerkend van modernisasie is 'n skeptisisme ten opsigte van die sentrale plek wat aan die rede en die menslike subjek as 'n rasonele wese toegeken word. J-F Lyotard toon aan dat toe ons die geborgenheid van die Groot Verhaal van die religie en die mite moes ontbeer, ons ons daarna in die Weste weer aan 'n Groot Verhaal verbind het. Dit is die verhaal van die universele Rede, van die Vooruitgang en die Emansipasie van die mensheid⁵. Hierdie ideologie van die agtiende eeuse Verligting lê nou aan skerwe. Dit het sy onmag bewys deur nie die beloofde menslikheid tot stand te bring nie, maar 'n *Auschwitz* en die politieke geweld (Boedapest in 1956, Praag in 1968 en Suid-Afrika vanaf veral die sestiger jare) te skep. Na die ontgogeling oor die Groot Verhale het net kleinverhale oorgebly waarin daar nie plek vir groot Waardes en Oortuigings is nie. En dit is ook goed so, volgens Lyotard, want dit kan alleen maar gevaarlik wees⁶. Skeptisisme ten opsigte van rasionaliteit is egter maar een kant van die munt. Die ander

kant van die munt is dat modernisasie beskou kan word as die sosiale ontwikkeling wat daarna strewe om probleme vanuit die perspektief van rasionaliteit op te los⁷. Rasionalisering soek na metodes en middele wat geskik en effektief is. Dit wil die werklikheid orden en sistematiseer ten einde dit oorsienbaar en beheerbaar te maak⁸.

Teenoor onaantasbare waarheidsaansprake, 'n oorskatte geloof in die wetenskap en 'n metafisiese wyse van redenering, is die interrelasie van waarheid, etiese relativisme en kulturele pluralisme van die grootse belang⁹. Die tegnologie en wetenskap is nie net 'n seën nie, maar dit kan ook 'n vloek word. Dit gebeur wanneer dit die mens en die lewe op aarde beheers. Die gevolg van die beheersing is dat die ekologiese sisteem deur chemiese produkte versteur word. Die kompleksiteit en omvang van die ekologiese probleme laat ons beseef dat 'n louter tegniese-wetenskaplike benadering van die wêreldomvattende probleem nie afdoende is nie, en selfs nuwe vorme van besoedeling kan veroorsaak¹⁰. In die modernisasie val die klem op anti-fundamentalisme, die relativisering van die tradisie en dogma in die lig van 'n veranderende historiese, taal en kultuur konsepte.

Modernisasie dui op die ontwikkeling waardeur 'n oorspronklik homogene samelewing in verskillende sferes ingedeel word¹¹. Die sferes word dan deur eie prinsipes en reëls beheers¹². Na die Middeleeue het die ekonomie, die politiek, die religie, die wetenskap, die tegniek, die moraal en die kuns 'n eie onafhanklike lewe begin lei. Die samelewingsverhoudinge het verander; die oorgelewerde hierargieë het verbroekel en is deur ander vervang en vernietig¹³. Daar het 'n segmentasie en differensiasie van die samelewing plaasgevind¹⁴. Verskillende dimensies van modernisasie kan onderskei word. Daar kan van ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele modernisasie gepraat word¹⁵. Die dimensies van modernisasie word aan die kriterium van rasionaliteit gemeet¹⁶. Rasionaliteit kan nader as doelrasionaliteit omskryf word (Max Weber). Vir die ekonomie is die kriterium berekenbaarheid, vir die politiek maakbaarheid, vir die tegniek beheersbaarheid, vir die wetenskap voorspelbaarheid en vooruitgang¹⁷. Max Weber het die gevolge van die proses van rasionalisering vir singewing en lewensbeskouing as *Entzäuberung der Welt* beskryf. Volgens Jürgen Habermas se sosiale teorie omvat die ekonomiese en politieke kragvelde mense se lewe. Die twee kragte bepaal in 'n groot mate hoe mense dink en leef. Habermas maak dit duidelik dat ekonomiese kolonialisering die samelewing bedreig. Dit bring mee dat die politieke, sosiale en kulturele lewe meer en meer kolonies van die ekonomie word¹⁸.

In die ekonomiese modernisasie is grondgebied nie meer die enigste vertrekpunt in die oplossing van ekonomiese probleme soos dit in

die geval van die pre-stedelike, pre-moderne gemeenskap was nie, maar kapitaal speel 'n sleutelrol in die proses. Produksiegroei eis 'n verbruikersgroei. Ekonomiese modernisasie lei tot 'n skeiding van die ekonomiese en die familie lewe, rasionele boekhouding, belegging met die oog op markwelslae, die inset van formeel vrye arbeidskragte, die effektiewe gebruik van wetenskaplike en tegnologiese kennis.

Begrippe soos "fashioning", "look" en "styling" is sentrale momente in die ekonomiese modernisasie. Dit gee uitdrukking aan die werwingstrategieë van die nuwe sosiale beweging en vra na spesifieke ekonomiese voorwaardes met die oog op hulle verwerkliking¹⁹.

Politiese modernisasie beoog die oplossing van sosiale probleme. Om dié doelwit te bereik moet die politieke magte die ekonomiese realiteite in ag neem. Dit beteken dat vrede bewaar word, geregtigheid gehandhaaf word en dat werksgeleenthede geskep word. Die politieke magte moet toesien dat die ruilverkeer tussen individue en groepe so ongehinderd moontlik verloop. Beheersing van die burger neem toe. Dit moet in gedagte gehou word dat die ekonomiese en politieke kragte in verskillende omstandighede varieer. Dit mag soms gebeur dat die politiek 'n sterker krag as die ekonomie is. Dit is die geval wanneer politieke kragte ten spyte van ekonomiese blokkerings die oorhand het.

Wanneer politieke magte kragte meet, kan dit 'n samelewing verskeur. Politieke botsings het geweldige geweldspotensiaal. Op die Suid-Afrikaanse toneel is daar in die negentiger jare veral 'n geweldskultuur geskep. Die eie aard van 'n geweldskultuur is dat dit monoloog wil wees. Dit wil die gesprek tussen verskillende politieke en kultuurgroepe doodmaak. Geweld dompel mense in ongelooft en die vernietiging van samelewingsverbande (die huwelik, gesin, arbeid, ontspanning, kultuur en politieke lewe). Dit het geen respek vir mense se lewens nie. Diere en die natuur ly ook onder sinlose geweld.

Teen geweld moet daar in die naam van Christelikheid en menswaardigheid geprotesteer word. Op elke samelewingsterrein moet geweldloosheid as lewensreël aanvaar word. Geweldloosheid is meer as die vanselfsprekende weerhouding van fisieke geweld soos moord, aanranding en molestering. Dit vra ook die afwesigheid van vertroetelde geweldsdenke, versugtinge en opgekropte geweldsgevoelens. Dit eis veral die afwesigheid van geweldstaal soos dit beoefen word in woedende ultimatus, dreigemente en blamerings, én in sluwe sinskonstruksies wat met oënskynlike piëteit vrede bepleit, maar terreur as moontlikheid erken²⁰. Geweldloosheid as lewensbeginsel vra dat medemenslikheid aangeleer en beoefen moet word. Dit beteken dat mense met invoelende

waarneming en verbeelding mekaar se leefwêreld moet betree. Op dié wyse ontstaan begrip en respek vir ander mense se denke, gevoelens, lewe en aspirasies.

Die konsentrasie van die ekonomiese en politieke werklikhede in die stede laat die lig op die sosiale kant van modernisasie val. Sosiale modernisasie word deur verstedeliking bepaal²¹. Hierdie verstedelikingsproses het ingrypende geografiese en demografiese konsekwensies. Die sosiale konteks waarin die familie gewortel is, het dramaties verander. Die gevolg is dat sosiale relasies versteur is. Sosiale fragmentasie en individualisasie is die onvermydelike gevolg.

Kulturele modernisasie bring 'n skaalvergroting van informasie en opvoedingsstrukture mee. Dit lei tot scientisme - 'n geloof in die wetenskap en die wetenskaplike vooruitgang. In die Westerse wêreld word daar besonder sterk gesteun op die opvatting van die sestiende eeuse Francis Bacon, naamlik: *scientia est potentia* - kennis is mag. Met dankbaarheid geniet ons die vrug van die mens se tegniese bedreweheid en wetenskaplike beheersing van die werklikheid. Om net 'n paar voorbeelde te noem: industriële produksieprosesse, sosiale en ekonomiese organisasieprosedures en bestuurstegnieke, argitektoniese monumente, mediese middele en metodes, 'n magdom ander kundighede en voorsienigheidstelsels waardeur die lewensstandaard en die uiterlike lewensomstandighede van die mens op 'n ongekende wyse verbeter is en nog steeds word. Die mag van die mens strek so ver dat hy hom vandag selfs, in sowel letterlike as figuurlike sin, maan toe kan stuur as hy wil. Die informatika en kubernetika is die mees resente variante van die beheersingswete van ons dag²². Kulturele modernisasie het 'n uitwerking op die outonomie van verskillende kulturele institusies. Die kuns, wetenskap, moraal, wet, opvoeding en onderwys, filosofie, wêreldbeskouing en godsdiens lei steeds meer 'n eie lewe. In dié verband het ons te doen met 'n kulturele pluraliteit. Die mens mag egter nie al sy heil van die wetenskap verwag nie. Kennis en mag beantwoord die vraag na die sin van die lewe ook maar ten dele. Al die kennis is nie genoeg om die spanninge en botsings in menslike verhoudinge uit die weg te ruim nie. Die menslike beheersing waartoe die wetenskap hom in staat stel, word egter deur die kontraservaringe van honger en armoede in die wêreld, kindersterfte, die vlugtelingsvraagstuk en die sosiaal-ekonomiese uitbuiting totaal ontluister²³.

Die proses van rasionalisasie kan in verskeie kulture waargeneem word. In die godsdiens vertoon die geskiedenis van die refleksie oor God, Christus, die Heilige Gees, skepping, verlossing en voltooiing 'n meer en

meer abstrakte beeld. Dit is ook van toepassing op die refleksie oor die kerk en die liturgie. Die moraal en religie word al meer onafhanklik van mekaar²⁴.

Die postmodernistiese filosofie staan skepties teenoor die rol wat aan die rede en die mens as rasonele subjek toegeken word. Die kille rasionaliteit word verbreed tot 'n ryke redelikheid waarin emosionaliteit, esteties en retories 'n sentrale funksie kry²⁵. En tog bepaal utilisasie en berekening die subjek in praktyk²⁶. Utilisasie beteken dat 'n persoon die sosiale instellings waaraan hy deelneem vanuit die perspektief van sy eie behoeftes en belange benader. Hy evalueer die instellings vanuit sy regte en eise²⁷. Berekening dui op die aspekte van individualisme, instrumentalisme, hedonisme en verbruiking²⁸. Die subjek staan in modernisasie sentraal²⁹. In die proses word daar gefokus op die groeiende betekenis van die individu wat hom uit die kollektiwiteit van sy onmiddellike omgewing losmaak³⁰. Die tradisionele gemeenskapsbande van gesin, familie, buurt, dorp, streek is deur 'n formele, rasonele burokrasie vervang³¹. Die gevolg hiervan is 'n onoorsigtelike, abstrakte samelewing waarin die individu 'n ander rol moet vervul. Die individu is in so 'n gemeenskap baie meer op homself aangewys. Die kwesbare "ek" moet nou self sy eie sin volgens eie behoeftes bepaal³². Die "ek" kry nou sy eie sin! En tog word die individu nog steeds gekontroleer en selfs gemanipuleer. Die struktuur van die samelewing is een rede hiervoor. Die kontrole wat die samelewing op die individu uitoefen is nie meer op een punt gekonsentreer nie, maar dit het anoniem geword en is oor verskeie sektore versprei³³. Die persoonlike ervaring van vryheid word beperk tot die priv -sfeer: die klein kring waar die enkeling min of meer geborge voel en waar hy invloed uitoefen³⁴. Die nadruk op die individu het ook positiewe gevolge. Die menswaardigheid van elke individu is 'n reg waarop hy aanspraak kan maak. Elke mens het persoonlike behoeftes waaraan aandag gegee moet word. Dit beteken dat die mens as 'n ander en nie net as 'n blote rasonele wese beskou moet word nie³⁵. Menslike regte soos demokrasie wat vryheid van spraak, werkseleenthede, vrye godsdienstige en politieke verbintenis, ongeag ras of kultuur, waarborg, is onontbeerlik in 'n samelewing. Onder instrumentalisme as 'n komponent van modernisasie word sinvolheid deur die effek daarvan bepaal. Dit wat effektief is, word deur sommige as godsdienstig sinvol, esteties en moreel reg aanvaar en ervaar. In hedonisme val die klem op genot; op "fun-morality". Di  lewenswyse word dikwels op TV, in films en tydskrifte verkondig. In verhoudinge waar die klem sterk op die seksuele fokus, kom hedonisme ook na vore. Di  opvatting het 'n invloed op moraliteit. Alles is geoorloof as dit net genot verskaf. Ons leef ook in 'n

verbruikerskultuur. Die advertensiewese is op die verbruiker en sy behoeftes toegespits. Alle tegnieke word gebruik om die verbruiker se behoeftes te wek, hom te oorrede en selfs te manipuleer.

Sekularisasie is 'n ander kenmerk van modernisasie. Alhoewel sekularisasie 'n weerspieëling van die tydgees van die twintigste eeu is, is die proses van sekularisasie gevoelig vir die veranderende kragte in 'n samelewing. Na my oordeel is dit belangrik om die semantiese waarde van die konsep te verhelder. Daar is verskillende interpretasies van die konsep³⁶. Dekker³⁷ gebruik die begrip in drie betekenisse:

1. Sekularisasie is 'n vermindering van godsdienstigheid en kerklikheid. Godsdienstige handeling is minder in getal en geringer in betekenis. Saam met Daiber³⁸ kan 'n mens sê dat die invloed van die godsdiens gerelativeer word. Benewens die godsdienstige handeling verander die godsdienstige opvattinge van mense ingrypend. In dié verband kan gedink word aan die vraag hoe mense God se teenwoordigheid ervaar. Talle se ervaring is dat Hy eerder afwesig is. Daar word selfs van die “voortvlugtigheid van God” en van sy “terugtrekking” gepraat³⁹.

2. Sekularisasie is 'n beperking van die godsdiens se invloed. Instellings in die samelewing is onafhanklik van godsdiens. Die gevolg hiervan is dat die godsdienstige aktiwiteite tot die private lewe beperk word.

3. Sekularisasie is 'n aanpassing van godsdiens. Godsdiens pas inhoudelik aan by die ontwikkelinge van die samelewing en die moderne bewussyn.

Dekker wys daarop dat die drie beweginge in die sekularisasieproses nie ooreenstem nie, en nie noodwendig gelyktydig voltrek word nie. Op voetspoor van Van der Ven⁴⁰ kan daar tussen 'n kulturele en strukturele dimensie van sekularisasie onderskei word. Kulturele sekularisasie impliseer die ontsakralisasie van die sosiale werklikheid. Die proses het 'n uitwerking op die geloof in God. Empiriese ondersoek in Nederland toon aan dat geloof in 'n onpersoonlike God meer dominant is as geloof in 'n persoonlike God⁴¹. Hoewel daar sprake is van 'n bewuste ontkenning van die Godsbestaan (ateïsme) en dit natuurlik ook voorkom, lyk dit asof die moderne lewenshouding eerder deur terme soos agnostisisme en godsdienstige onverskilligheid omskryf kan word. 'n Agnostikus is iemand wat weier om uitsprake te doen oor 'n transendente werklikheid, omdat hy reken dat dit onmoontlik is om kennis van dié werklikheid te verwerf en om sinvolle uitsprake daaroor te maak. Aangesien daar nie sekerheid is of God bestaan

of nie, word die sin van die lewe binne die kenbare, immanente werklikheid gesoek⁴². Die agnostikus dink nog oor die Godsvraag. Dit kan nie van die godsdienstig onverskillige mens gesê word nie. Al verdwyn die erns oor religieuse vrae in 'n groot mate, en al word die bestaan van God deur talle ontken en as sinloos ervaar, is daar in die alledaagse wêreld nog volop tekens van religiositeit. Die mens hou sy sekulêre heilandsfigure wat sy angs moet besweer byderhand. Calvin het reeds die mens bestempel as 'n *fabrica idolorum*, 'n afgode-fabriek. Die mens mag God verwerp, maar aanbid sal hy aanbid - al is dit 'n bankbalans. Sommige praat van die Amerikaanse triniteit van "sex, car and career".

Strukturele sekularisasie stem ooreen met die proses van differensiasie. Betekenis is nie net afhanklik van godsdiens alleen nie. Outonome institusies ontwikkel hulle strategieë om betekenis in die werklikheid te vind en daaraan toe te ken. Die uitwerking hiervan is die pluralisasie van betekenis en die marginalisering van die Christelike godsdiens⁴³. In die Suid-Afrikaanse konteks moet daar met religieuse pluraliteit rekening gehou word. Dit beteken die besef dat daar geen één saligmakende teologiese sisteem is nie⁴⁴. Die gereformeerde teologie moet die algemene *ethos* van pluraliteit en perspektiefverskille aanvaar en sy ou pretensies om 'n sluitende verklaring van die werklikheid te gee prysgee. Die bestaan van geloofstradisies wat van mekaar verskil, maar mekaar ook kan verryk, moet aanvaar word.

Verskuiwings in die mens se leefwêreld het 'n invloed op sy godsdienstige konteks. Dit was deur die eeue die geval. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is die vestiging van die *corpus Christianum* waardeur God se plek deur die staat verseker is. Konstantyn se oorwinning oor Maxemus by die Milviëse Brug digby Rome, op 28 Oktober in die jaar 312 nC was die voorloper van die Edik van Milaan (313) wat vir die eerste keer aan Christene 'n geloofsvryheid gelykstaande aan dié wat die heidense kultusse geniet het, gewaarborg het. Hierop het verskeie maatreëls gevolg wat die Christendom in toenemende mate teenoor die ander godsdienste bevoordeel het. Die hoogtepunt van die proses was in die jaar 380 toe Keiser Theodosius die ortodokse geloof, soos deur die biskop van Rome en die patriarg van Alexandrië verteenwoordig, as die enigste godsdienstvorm in die Romeinse ryk erken het. Heidene en Christenketters is vervolgens oor dieselfde kam geskeer en tot aartsvyande verklaar. Die leer van die Drie-eenheid byvoorbeeld, volgens ortodokse interpretasie, het staatswet geword. Wie hom hierteen verset, is nie net ketter nie maar tegelykertyd ook anargis. Dit was vanselfsprekend en veilig om lid van die kerk te wees⁴⁵. Dié toedrag van sake het die Christendom te tuis in die wêreld

gemaak en hom van sy vreemdelingskap beroof. God het ook te vanselfsprekend en voorhande geword. God se koninkryk kan nie met staatsgrense saamval nie. Sy koninkryk omvat die aarde en is groter as enige politieke grense.

Verskuiwinge in die mense se sosiale wêreld beïnvloed die mens se ervaring van sy godsdienstige wêreld. Ekonomiese groei of 'n gebrek daaraan, die beskikbaarheid van arbeid aldan nie het 'n invloed op die mens se ervaring van sy godsdiens. Armoede, fisiese en geestelike lyding, werkloosheid het 'n uitwerking op mense se Godservaring. Die invloed van politieke mag is ook nie neutraal nie. Wanneer politieke magte vir 'n groep of volk gunstig is, kan dit makliker wees om God as naby te ervaar. Maar die verskuiwing van politieke kragte kan 'n duister ervaring van God se teenwoordigheid meebring. 'n Sosiologiese ontwrigting kom die skerpste aan die lig op die gebied van voedsel, skulding en seksualiteit. As dit ontbreek, soek die mens na ander alternatiewe.

Die hoorder leef nie net in 'n godsdienstige en sosiale konteks nie, maar ook binne 'n geestesklimaat. In die loop van die eeue het verskillende geestesbeweginge hulle invloed laat geld. Die beweginge is nie tydloos nie, maar kontekstueel in dié sin dat dit 'n bepaalde weerkaatsing van die verstaan van die mens in sy wêreld is. In elke bepaalde beweging lê daar slegs 'n verstaansbrok van die mens in sy werklikheid. Dit is eers wanneer al die brokke byeen gebring word dat ons iets van die mens in sy wêreld kan begryp.

Die geestesbeweging wat sedert die Renaissance en die Verligting in die Westerse wêreld vaardig geword het, vind vandag universele geldingskrag in die hele wêreld. Afgesien daarvan dat miljoene mense nie regtig hiervoor ryp is nie, bring dit die mensheid as geheel tot 'n nuwe selfverstaan, met ingrypende gevolge wat die hele lewe raak. Daar sal in die prediking daarmee rekening gehou word dat die nuwe mens aan die einde van die Westerse heerskappy, die koloniale tydperk, alle vorme van outokrasie en verdrukking, outoritêre gesag en ongekontroleerde waarheidsaansprake gekom het⁴⁶.

Ons tydgees word gekenmerk deur waardeverwarring, maar ook deur waardeverskuiwing. Die etiek het van 'n totaalsisteem wat die ganse samelewing en lewe bestryk het (apartheid, liberalisme, personalisme) verskuif na 'n fiksering op bepaalde wisselende etiese kwessies: die mediese bystand aan die derde wêreld (Artsen sonder grenze), die ekologie (Greenpeace), menseregte (Amnesty International), homofilie en anti-rassisme.

Op die vraag hoe die kerk oor die konteks van die hoorder kan nadink, is daar verskeie moontlikhede. Maar wat vasstaan is dat die kerk

nie die wêreld tot stilstand kan bring om af te klim nie, of die klok terug te draai nie. Die kerk durf homself ook nie in 'n ghetto terugtrek om iets van die verlede solank as moontlik te bewaar nie. Die godsdiens mag ook nie tot die private sfeer van die persoonlike of huislike binnekring beperk word, en die stryd om die kerstening van die gemeenskap prysgegee word nie. Dit is die gevaar van 'n eensydige vorm van piëtisme wat net op die individuele mens gerig is. Die gevolg van so 'n styl is wêreldontvlugting. In die prediking moet die evangelie op so 'n wyse verkondig word dat dit die heerskappy van God in die wêreld proklameer en die waardes daarvan vestig.

Dit is moontlik dat die kerk hom teen die samelewing kan verset. Die gevolg hiervan is 'n spanning en konflik tussen die boodskap en die werklikheid. In plaas van 'n Woord vir die werklikheid word dit 'n Woord teen die werklikheid. En dit is 'n ramp. Dit is ook moontlikheid dat die kerk die samelewing as weerbarstige en veranderbare werklikheid aanvaar. Dit is na my mening die enigste opsie vir die kerk. Want dit is in hierdie werklikheid waarvan in die vorige paragrawe 'n profiel gegee is, dat die kerk die evangelie moet kommunikeer.

Daar moet in die aanvaarding van die samelewing met 'n paar sake rekening gehou word. Die eerste saak is dat die samelewing onder verskillende omstandighede verskillende gelaatstrekke vertoon. Die samelewing kan 'n mens soms verras, ander kere verbaas en selfs ontugter. In die tweede plek is die samelewing beïnvloedbaar. Verskillende kragte en faktore speel 'n rol in die beïnvloeding (vergeelyk die voorafgaande paragrawe). Die geloofsgemeenskap weet ook dat die soet kragte van die boosheid die samelewing nie ongeskonde laat nie. In 'n tyd van waardeverwarring en waardeverskuiwing moet die kerk erns maak met etiese prediking. Dié soort preke het 'n wars aan moralisme, fanatisme en onverdraagsaamheid. Dit vra aandag vir die etiese imperatief wat uit die heilsindikatief vloei. Hiermee word nie bedoel dat etiese norme klakkeloos en simplisties uit die Bybel op ons situasie oorgedra kan word nie, maar wel dat daar 'n kritiese wisselwerking tussen die Bybelse aansprake en ons situasie moet wees. Etiese kwessies op personale, seksuele, sosiale, politieke en ekonomiese vlak moet binne 'n geloofsraam bevraag, gekorrigeer, geïnterpreteer en geherstruktureer word. Die derde dimensie op die samelewing is dat dit veranderbaar is. Om te preek beteken om te glo dat die krag van die evangelie mense anders kan laat dink, praat en doen. 'n Preek geskied ook met die vaste oortuiging dat die evangelie die waardes van God se koninkryk in mense se lewens en in die samelewing kan vestig.

Aanvaarding van die samelewing beteken dat die kerk aandag moet gee aan die effek van modernisasie. Daar moet met institusionele differensiasie rekening gehou word⁴⁷. Verder moet dit in gedagte gehou word dat die kerk in die pre-stedelike en pre-moderne periode die middelpunt van die gemeenskap was⁴⁸. Dit is nie meer die geval in die moderne samelewing nie. Die gevolg van hierdie verskuiwing is dat die kerk sy eintlik plek opnuut moet ontdek as die van 'n alternatiewe gemeenskap. Dit beteken onder andere dat die kerk tot sy religieuse funksies beperk word. Verder impliseer dit dat die kerk hom op religieuse kommunikasie moet toespits. Die troon en die altaar is nie meer bondgenote nie. Die staat behandel die kerk as 'n sosiale gemeenskap. Hy is maar net een van die spelers op die veld. Die nuwe geesteskonteks beteken die verlies van die soort politieke beskerming en vanselfsprekendheid wat dit sedert die vierde eeu in die Westerse wêreld geniet het. Die kerk moet in 'n klimaat van godsdiensvryheid en sekularisasie op gelyke voet meeding met ander godsdiens- en denkrigtings wat om gehoor vra. Die stryd om die waarheid kan nie met die swaard of deur wetgewing besleg word nie. Die swaard van die Woord moet in 'n pluralistiese nuwe wêreld oorwinnings behaal. "D(d)ie christliche Kirche soll offensiv in einer unchristlich gewordenen Umwelt ihren Glauben vertreten, zum Glauben zurückrufen. Die Verkündigung soll missionarische Verkündigung sein"⁴⁹. Die kerk is beroof van sy morele mag. Die tyd van konsensus op grond van krag en mag is verby. Die pleit van die kerk moet wees vir konsensus op die basis van oop kommunikasie en die oortuiging wat op inhoud en argumente gegrond is. Dit gee dan aan die Christelike geloofsgemeenskap geleentheid om "gis in die deeg" te word. Vroeër was die Christelike geloofsgemeenskap miskien te veel die deeg self⁵⁰.

In die geloofsgemeenskap moet daar meer aandag aan die liturgie as 'n vorm van religieuse kommunikasie gegee word. Indien dit gebeur, bring dit mee dat die hoorder as subjek behandel word⁵¹, as deelnemer aan die liturgiese handeling. Kommunikasie as 'n proses van aksie-reaksie met die aksent op kognitiewe, emotiewe en konatiewe funksies moet in elke liturgiese handeling plaasvind. As dit die geval is, kan *koinonia* en *diakonia* die uitvloeisel wees.

NOTAS:

- 1 E Henau, "Toehoorder en preek...", *Tijdschrift voor Liturgie*, 77/6, 382.
- 2 W R Petkewitz, *Verkündigung in der Mediengesellschaft. Neue Informations- und Kommunikationstechniken in der Praxis*, Gütersloh 1991, 229.

- 3 H van der Loo & W van Reijen, *Modernisering. Projekt und Paradox*, München 1992; J A van der Ven, *Ecclesiologie in context*, Kampen 1993, 18-31.
- 4 C A van Peursen, *Na het postmodernisme. Van metafysica tot filosofisch surrealisme*. Kampen 1994, 11-13.
- 5 Van Peursen, *a w*, 56.
- 6 J-F Lyotard, *Het postmoderne weten*. Kampen 1987.
- 7 Van der Ven, *a w*, 20.
- 8 Van der Loo & Van Reijen, *a w*, 31.
- 9 K Kreiner, *Ende der Wahrheit? Zum Wahrheitsverständnis in Philosophie und Theologie*, Freiburg 1991.
- 10 R Burggraave & S Velle, "Christendom en postmoderniteit. Doemdenken, heil of bescheiden kansen?", *Collationes* 1 (1993), 8.
- 11 Van der Loo & Van Reijen, *a w*, 31.
- 12 F De Lange, "Kerken in een pluriforme sameleving", in: H Schaeffer (hoofdredakteur), *Handboek Godsdienst in Nederland*, Amersfoort 1992, 211.
- 13 H-G Soeffner, *Die Ordnung der Rituale. Die Auslegung des Alltags 2*, Frankfurt 1992.
- 14 De Lange, *a w*, 211.
- 15 Van der Ven, *a w*, 18-20.
- 16 De Lange, *a w*, 212.
- 17 De Lange, *a w*, 212.
- 18 J Habermas, *Theorie des kommunikativen Handelns I*, Frankfurt 1982.
- 19 Burgraeve & Velle, *a w*, 14.
- 20 W Jordaan, "Geweldskultuur. Hoeveel grafte nog? Praat asof ons almal se lewens daarvan afhang", in: *Die Beeld*, 1993, 14.
- 21 K-F Daiber, *Predigt als religiöse Rede. Homiletische Überlegungen im Anschluss an eine empirische Untersuchung. Predigen und Hören 3*, München 1991, 55-56.

- 22 Burgraeve & Velle, *a w*, 6.
- 23 Burggraeve & Velle, *a w*, 8.
- 24 Van der Ven, *a w*, 20.
- 25 Burggraeve & Velle, *a w*, 11.
- 26 Van der Ven, *a w*, 284,374.
- 27 Van der Ven, *a w*, 284.
- 28 Van der Ven, *a w*, 374.
- 29 Burggraeve & Velle, *a w*, 11.
- 30 Van der Loo & Van Reijen, *a w*, 32.
- 31 De Lange, *a w*, 215.
- 32 De Lange, *a w*, 215.
- 33 De Lange, *a w*, 215.
- 34 De Lange, *a w*, 215.
- 35 Th de Boer, *Hermeneutiek. Filosofiese grondslagen van mens- en kultuurwetenskap*, Amsterdam 1988.
- 36 J A Heyns, *Sterwende Christendom? 'n Teologie in die greep van die tydgees*, Kaapstad 1969, 19-95; J Sperna Weiland, *Oriëntatie. Nieuwe wege in de teologie*, Wageningen 1968, 22-32.
- 37 G Dekker, "Secularisasie en fundamentalisme", in: H Schaeffer (hoofredakteur), *Handboek Godsdienst in Nederland*, Amersfoort 1992, 195-197.
- 38 Daiber, *a w*, 56.
- 39 Bruggraeve & Velle, *a w*, 30.
- 40 Van der Ven, *a w*, 137.
- 41 Van der Ven, *a w*, 138.
- 42 De Lange, *a w*, 213.

- 43 Daiber, *a w*, 56-58; Van der Ven, *a w*, 139.
- 44 Burggraeve & Velle, *a w*, 28.
- 45 D J Bosch, *Heil vir die wêreld*, Pretoria 1979, 104-105.
- 46 Vergelyk J Degenaar, *Death of God*, Kaapstad s j, 1-20, 72-98; A van Seters, "The problem of preaching in the third millennium", *Interpretation* 45/3, 267-269.
- 47 Van der Ven, *a w*, 27-29.
- 48 Heyns, *a w*, 19.
- 49 Daiber, *a w*, 60.
- 50 Burggraeve & Velle, *a w*, 31.
- 51 H Luther, *Religion und Alltag. Bausteine zu einer Praktischen Theologie des Subjekts*, Stuttgart 1992, 30-36.